# 362 O Salige nag




Die engel kom groet:
“O vriende skep moed.
Wel was jul verlore
maar nou is gebore
die Heiland wat julle
vir ewig behoed.”

“Neem vinnig die pad
na Dawid se stad,
daar vind jul die lewe
met diere omgewe,
Hy wie se almag
die heelal omvat.”

Toe haas hul en vind
die hemelse Kind,
daar saam met sy moeder,
so soet en so lieflik;
toe word hulle harte
gans hemelsgesind.

En hulle val neer
om Hom te vereer,
hul kondig die tyding
van God se bevryding,
verbly is die mens
oor wat hulle leer.

Onbekend

Onbekend